Verslagwaardig: Ja / Nee
Sirkuleer aan Regters: Ja / Nee

Sirkuleer aan Landdroste: Ja / Nee

# IN DIE HOOGGEREGSHOF VAN SUID-AFRIKA
(Noord-Kaapse Afdeling)

Hersieningsnr: 20/03

Saaknr: 808/02

Datum gelewer: 2003-02-05

In die hersieningsaak van:

**DIE STAAT**

*versus*

**VIVIAN APRIL** **BESKULDIGDE**

Coram: KGOMO RP *et* MAJIEDT R

# UITSPRAAK OP HERSIENING

**MAJIEDT R:**

1. Die beskuldigde is skuldig bevind aan diefstal van 'n mans T-hemp ter waarde van R49,99. Sy is gevonnis tot

‘n boete van R1000,00 of 9 maande gevangenisstraf waarvan R500,00 of 5 maande gevangenisstraf opgeskort is plus ‘n verdere 9 maande gevangenisstraf wat opgeskort is vir 5 jaar op bepaalde voorwaardes.

2. Die skuldigbevinding is regtens in orde, maar Goso WnR het die opgelegde vonnis bevraagteken en die landdros het redes verskaf vir die vonnis wat sy opgelÍ het.

3. Die vernaamste rede waarom die landdros hierdie bepaalde vonnis opgelÍ het, is die feit dat oneerlikheidsmisdade in haar dorp skrikwekkende afmetings aanneem. Verder meld sy dat al hoe meer werknemers van hul werkgewers steel en het sy hierdie feit dat die beskuldigde in ‘n vertrouensposisie was in ag geneem as ‘n strafverswarende faktor.

4. Die beskuldigde is ‘n eerste oortreder en het, toe die vonnis opgelÍ is, ‘n deeltydse werk gehad waar sy

ongeveer R200 tot R300 per maand verdien het. Sy is ongetroud, het geen afhanklikes nie en woon by haar ouers. Toe die misdryf gepleeg is, was sy werksaam by *Pep Stores* waar die betrokke T-hemp vandaan gesteel is.

5. Dit is weliswaar so dat dit strafverswarend is om van jou werkgewer te steel en het die landdros dit tereg in ag geneem. Ek is egter die mening toegedaan dat hierdie vonnis skokkend onvanpas is, veral wat betref die bykomende opgeskorte gevangenisstraf wat opgelÍ is. Die landdros gee dan ook tot 'n mate hierdie feit toe. In **S v Nkambule 1999(1) SASV 225(T)** is 'n 18-jarige eerste oortreder wat 3 hemde ter waarde van R50,00 gesteel het, gevonnis tot 3 maande gevangenisstraf plus 'n boete van R1000,00 of 5 maande gevangenisstraf. Die hof het op hersiening die gevangenisstraf verander na een van 2 maande gevangenisstraf omdat die beskuldigde daar alreeds 2 maande gevangenisstraf uitgedien het. Van

belang is dat die landdros in daardie saak ook aangevoer het dat 'n swaar vonnis geregverdig is, aangesien winkeldiefstal epidemiese afmetings aangeneem het. Desnieteenstaande bevind Stafford R dat die vonnis wat opgelÍ is onredelik, onbillik en skokkend onvanpas is.

6. Ek is die mening toegedaan dat die landdros die strafverswarende faktore heeltemal oorbeklemtoon het ten koste van die beskuldigde se gunstige persoonlike omstandighede en het sy gevolglik 'n vonnis opgelÍ wat skokkend onvanpas is en wat inmenging regverdig. Die beskuldigde is die geleentheid gebied om die onopgeskorte deel van die boete af te betaal in paaiemente en is sy klaarblyklik tans besig om die opgelegde boete aldus af te betaal. Na my mening sal dit 'n meer gepaste vonnis daarstel indien die verdere 9 maande gevangenisstraf wat opgeskort was op bepaalde voorwaardes, heeltemal deurgehaal word.

------------------------------------------------------------

7. **By gevolg word die beskuldigde se skuldigbevinding bekragtig, maar haar vonnis word tersydegestel en vervang met die volgende: R1000.00 (een duisend Rand) of 9 (nege) maande gevangenisstraf waarvan R500.00 (vyf honderd Rand) of 5 (vyf) maande gevangenisstraf opgeskort word vir 'n tydperk van 5 (vyf) jaar op voorwaarde dat beskuldigde nie weer skuldig bevinding word aan diefstal of 'n poging daartoe gepleeg gedurende die tydperk van opskorting nie. Die landdros se bevel word bekragtig dat uitstel verleen word aan die beskuldigde om die onopgeskorte deel van die boete af te betaal as volg:**

- **op 31/01/03 R200.00**
- **op 28/02/03 R200.00**
- **op 31/03/03 R100.00**

**Hierdie vonnis word terugdateer tot 24 Desember 2002.**

------------------------------------------------------------

______________

**SA MAJIEDT**

**REGTER**

**Ek stem saam:**

______________

**FD KGOMO**

**REGTER-PRESIDENT**